15 Mei 2022

Hoërskool Kategese

Openbaring 21:1-6

wat wil jy vandag bereik?

Die nuwe hemel en die nuwe aarde.
Ons weet nie alles nie, maar ons weet nie niks nie.
Die Byble gee vir ons 'n paar idees.
Ons kry 'n idee van die ewigheid sonder dat ons presies weet hoe dit gaan wees.
In die ewigheid is God by ons.
Dit is (veral) dat ons by God is, daarom moet ons nie dink aan 'n fisiese plek nie, maar 'n geestelike toestand.

Ter wille van gemeentes
wat gewoond is aan die ritme
van Kontak-kategese,
plaas ons in hakies
hoe dit in daardie raamwerk inpas.

Besef egter asb. dat NOUS weggestap het van Kontak-kategese. NOUS se kategese-model is steeds gebaseer op Groome se model, maar ons het dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede van die NOUS span te nooi om opleiding rondom hierdie metodiek te kom aanbied.

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Vertel van die mooiste stad of dorp waarin jy al was.
Hoekom is dit 'n mooi plek?
Wat maak dit 'n lekker plek?

OF

As jy in enige dorp of stad kam gaan bly, waar sou jy wou woon?

word stil

Hoe sal dit wees as die skepping God aanbid?
Nie net mense nie, die hele skepping?
Lees Psalm 148.

GOD se storie
wat sê die Bybel (daar en dan)

lees Openbaring 21:1-6 saam as 'n groep

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.

gesels dan oor die volgende saam

Ons kry hier ’n pretjie van hoe die ewigheid sal wees.

Dit is ’n beskrywing - dit is nie volledig of 100% duidelik nie.

Die idee is nie dat ons probeer om alles te verstaan of presies gaan weet hoe alles sal wees nie.

Wat is die een gedagte of tema wat vir jou uitstaan in die gedeelte?

Wat gebeur met die hemel en die aarde in die ewigeheid? (Open 21:1)

Waar woon God wanneer die ewigheid aanbreek?

Die ewigheid is anders as die hede. Wat is daar nie in die ewigheid nie? (Open 21:4)

Hoe dink jy sal dit voel om daar te wees?

God maak alles nuut. God red sy Skepsels (ons) maar ook Sy skepping (alles).

Wanneer gaan hierdie goed alles gebeur? (Open 21:6)

Wanner ons in die Bybel lees van dors wees beteken dit dat iets of iemand ’n verlange het na God.

Wat sou die ewigheid vir iemand beteken wat dors is? (Open 21:6)

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Wat is daar in die ewigheid (in die nuwe hemel en aarde) waarna jy uitsien?

Hoe laat dit jou voel?
Hoe help dit jou in jou lewe vandag?
Hoe verander dit hoe jy die toekoms benader?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte?
Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding
“Here, ek aanbid U, want...”

Belydenis
“Here, vergewe my vir...”

Voorbidding
“Ek bid vandag vir...”

Danksegging
“Dankie, vir...”

Eie behoeftes en toewyding